



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## DANSSTUDIES

## NOVEMBER 2016

**PUNTE: 100**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings met ELF vrae in totaal. Beantwoord slegs SES vrae soos volg:

   AFDELING A: VEILIGE DANSPRAKTYK EN GESONDHEIDSORG (40 punte)
   Bestaan uit VYF vrae waarvan DRIE soos volg beantwoord moet word:
   - VRAAG 1 is VERPLIGTEND.
   - Jy het 'n keuse tussen VRAAG 2 en VRAAG 3 en 'n keuse tussen VRAAG 4 en VRAAG 5. Indien jy in elke geval albei vrae beantwoord, sal slegs die EERSTE antwoord in elke geval nagesien word.

   AFDELING B: DANSGESKIEDENIS EN -GELETTERDHEID (60 punte)
   Bestaan uit SES vrae waarvan DRIE soos volg beantwoord moet word:
   - VRAAG 6 en VRAAG 7 is VERPLIGTEND.
   - Jy het 'n keuse tussen VRAAG 8, VRAAG 9, VRAAG 10 en VRAAG 11. Indien jy meer as een van die vier keusevrae beantwoord, sal slegs die EERSTE antwoord nagesien word.

2. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

3. Lees elke vraag aandagtig deur en let op na wat vereis word.

4. **LET WEL:** Indien jy gevra word om *te verduidelik/breedvoerig te skryf/ te beskryf/te ontleed/te evalueer/te vergelyk*, skryf jou antwoord in volsinne en gee soveel inligting as moontlik. Eenwoord-antwoorde sal NIE aanvaar word NIE.

5. Jy kan rofwerkbeplanning in die ANTWOORDEBOEK doen. Trek 'n streep deur enige werk wat NIE nagesien moet word NIE.

6. Jy sal geassesseer word op jou vermoë om:
   - Goeie Afrikaans te gebruik (skryf slegs in een taal)
   - Inligting te organiseer en duidelik oor te dra
   - Die spesifieke formaat te gebruik wat in sekere vrae vereis word
   - Spesialis-dansterminologie te gebruik, waar nodig

7. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: VEILIGE DANSPRAKTYK EN GESONDHEIDSORG

### VRAAG 1: DANSKONVENSIES EN WAARDES (VERPLIGTEND)

Skryf 'n toespraak vir 'n graad 9-ouervergadering om die waarde van Dansstudies as 'n vak te verduidelik. Gebruik voorbeelde uit jou persoonlike ondervinding.

Verduidelik hoe die waardes en konvensies (gebruike) wat in Dansstudies aangeleer word, jou met toekomstige werksgeleenthede kan help. **[10]**

**LET WEL:** Jy het 'n keuse tussen VRAAG 2 en VRAAG 3.
Beantwoord slegs EEN van hierdie vrae.

### VRAAG 2: VEILIGE DANSPRAKTYK

Dit is baie belangrik vir 'n danser om tydens dansklasse en -eksamens veilige danspraktyk toe te pas.

2.1 Beskryf DRIE veilige danspraktyke wat 'n danser voor of tydens 'n danseksamen kan toepas om beserings te voorkom. (6)


2.2 Aanbieding en danskwaliteit vorm 'n belangrike deel van 'n danseksamen.

Skryf breedvoerig oor SES idees wat sal verseker dat jou danstegniek jou opvoergehalte sal toon. (6)

2.3 Noem TWEE noodsaaklike komponente van jou dieet en verduidelik hoe dit jou gesondheid en vermoë om te dans, kan versterk. (4)
**[16]**

**OF**

**VRAAG 3: SPIERE, GEWRIGSAKSIES EN BEHANDELING VAN BESERINGS**




**A** **B** **C**

[Bron: www.dance.net]

3.1 Bestudeer die foto's hierbo en noem enige DRIE spiere verantwoordelik vir beweging van die heupgewrig. (3)

3.2 Verduidelik EEN anatomiese aksie betrokke by die beweging wat in die heupgewrig in die foto's hierbo plaasvind. (1)

3.3 Behalwe die aksie wat in VRAAG 3.2 hierbo verduidelik is, noem TWEE ander anatomiese aksies wat in die heupgewrig moontlik is. (2)

3.4 Noem die anatomiese aksie wat in die enkels in foto **B** en **C** plaasvind. (1)


3.5 Watter DRIE spiere sou by hierdie aksie (in **B** en **C**) betrokke wees? (3)

3.6 Wat kan 'n danser doen om herstel na 'n spierverstuiting te bevorder? Beveel ten minste DRIE opsies aan en beskryf die voordele van elkeen duidelik. (6)

**[16]**

**LET WEL:** Jy het 'n keuse tussen VRAAG 4 en VRAAG 5.
Beantwoord slegs EEN van hierdie vrae.

## VRAAG 4: NEUROMUSKULÊRE VAARDIGHEDE EN BESERINGS





[Bron: www.maloneyperformance.com]

Die illustrasies hierbo verteenwoordig die neuromuskulêre stelsel. Verskaf die volgende inligting:

4.1 Definieer *neuromuskulêre vaardighede* duidelik. (2)

4.2 Verduidelik enige DRIE van die volgende neuromuskulêre vaardighede en brei uit oor hoe dit dansoptrede versterk/verbeter:

4.2.1 Ratsheid

4.2.2 Kinestiese bewustheid

4.2.3 Ruimtelike bewustheid

4.2.4 Reaktiwiteit (3 x 2) (6)

4.3 Verduidelik hoe 'n danser musikaliteit kan ontwikkel. (2)

4.4 Kies EEN van die volgende faktore en beskryf hoe dit tot die voorkoming van beserings kan bydra:

4.4.1 'n Goeie onderwyser (2)

4.4.2 Die korrekte dansomgewing (2)

**[14]**

**OF**

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 5: SOEPELHEID EN BESERINGS**

Soepelheid is 'n noodsaaklike komponent van fiksheid in 'n danser se opleiding en optrede.



[Bron: www.theballetblog.com]

5.1 Beskryf VIER faktore wat 'n danser se soepelheid kan beperk. Moet NIE eenwoord-antwoorde gee NIE. (4)

5.2 Ontleed VIER voordele van 'n goeie gehalte van soepelheid wat tot 'n danser se optrede kan bydra. (4)

5.3 Dui DRIE noodsaaklike moet-reëls en DRIE noodsaaklike moenie-reëls aan wat 'n danser in sy/haar strekprogram moet volg. Verduidelik die redes vir elke reël. (6)
**[14]**

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B: DANSGESKIEDENIS EN -GELETTERDHEID

## VRAAG 6: DANSVORME, KENMERKE EN BEGINSELS (VERPLIGTEND)

Alle dansvorme het hulle oorsprong by spesifieke kulture, omgewings en tydperke. Hulle het spesifieke herkenbare kenmerke en beginsels.

6.1 Noem TWEE dansvorme wat jy bestudeer het. Identifiseer en beskryf VIER herkenbare kenmerke en/of beginsels van elk van hierdie dansvorme. Moet NIE eenwoord-antwoorde gee NIE. (4 x 2) (8)

6.2 Die fusie/saamsmelt van verskillende dansvorms en dansstyle word al hoe gewilder onder choreograwe en dansers.

6.2.1 Noem EEN voorgeskrewe danswerk wat jy bestudeer het en identifiseer die dansstyle of -vorme wat saamgesmelt is. (3)

6.2.2 Bespreek die positiewe en/of negatiewe gevolge van dansfusie. (4)


**[15]**

## VRAAG 7: DANSOPVOERRUIMTES EN DANSLOOPBANE (VERPLIGTEND)

Kunstenaars ondersoek al hoe meer verskillende tipes opvoerruimtes waar hulle danswerke opgevoer of verfilm kan word. Gebruik die foto's hieronder om jou te inspireer.



[Bron: canadadance.ca]



[Bron: stagemommusings.com]

7.1 Hoe kan konvensionele en niekonvensionele opvoerruimtes die choreografie van 'n danswerk beïnvloed? Skryf 'n opstel waarin jy verskillende opvoerruimtes beskryf en verduidelik hoe jy dit sal gebruik. (12)

7.2 Noem en beskryf EEN dansverwante loopbaan in 'n konvensionele teater en die rol wat dit in die algehele produksie speel. (3)

**[15]**

**LET WEL:** Jy het 'n keuse tussen VRAAG 8, VRAAG 9, VRAAG 10 en VRAAG 11. Beantwoord slegs EEN van hierdie vrae.

**VRAAG 8: GREGORY MAQOMA EN *FOUR SEASONS***

8.1 Gregory Maqoma se danswerk *Four Seasons* dra verskeie belangrike boodskappe aan die gehoor oor. Skryf breedvoerig oor hierdie boodskappe. (10)

8.2 Bestudeer die foto hieronder van 'n toneel in hierdie danswerk. Ontleed die simboliese betekenis van die seisoen wat uitgebeeld word en hoe die choreograaf dit bereik het.



[Bron: www.myjoburg.com] (10)

8.3 Gee 'n oorsig van Gregory Maqoma se bydrae tot die ontwikkeling van dans in Suid-Afrika. (10)

**[30]**

**OF**

## VRAAG 9: ALVIN AILEY EN *REVELATIONS*

9.1 Bestudeer die foto hieronder en identifiseer die deel wat uitgebeeld word. Verduidelik in besonderhede hoe die choreograaf simboliek in hierdie deel gebruik het.



[Bron: www.alvinaileydance] (10)

9.2 Skryf breedvoerig oor hoe die temas van *Pilgrims of Sorrow* en *Move Members Move* deur beweging, musiek en produksie-elemente uitgebeeld word. Gee voorbeelde uit hierdie dele om jou antwoord te ondersteun. (10)

9.3 Bespreek die belangrike ervarings en invloede in Alvin Ailey se lewe en dansloopbaan wat hom as choreograaf gevorm het. (10)
**[30]**

**OF**

## VRAAG 10: CHRISTOPHER BRUCE EN *GHOST DANCES*

> Bruce is in 'n onderhoud met Stuart Sweeny gevra waarom hy temas oor menseregte by sy werk ingesluit het, veral aangesien daar 'n standpunt was dat die kunste slegs met die skep van skoonheid doenig moes wees.
>
> [Bron: www.criticaldance.com/interviews, Julie 1999]

10.1 Hoe, dink jy, sou Christopher Bruce die vraag hierbo oor waarom hy *Ghost Dances* gechoreografeer het, beantwoord het? (2)

10.2 Watter gebeurtenisse het Christopher Bruce gemotiveer om *Ghost Dances* te choreografeer? (4)

10.3 Skryf breedvoerig oor hoe Bruce die produksie-elemente, musiek en bewegingswoordeskat gebruik het om die karakterisering en atmosfeer van die volgende te bou:

10.3.1 Die Spoke (8)

10.3.2 Die Dooies (dorpenaars) (8)

10.4 Kies belangrike inligting oor Christopher Bruce se *professionele loopbaan* as 'n choreograaf wat by 'n programnota ingesluit kan word. (8)
**[30]**

**OF**

**VRAAG 11: CHOREOGRAWE EN DANSWERKE**

Beantwoord hierdie vraag deur na enige TWEE van die voorgeskrewe choreograwe hieronder te verwys.

| INTERNASIONALE CHOREOGRAWE | DANSWERKE |
|---|---|
| Alvin Ailey | *Revelations* |
| Christopher Bruce | *Ghost Dances* |
| George Balanchine | *Apollo/Jewels (Emeralds, Rubies, Diamonds)* |
| Jiri Kylian | *Wings of Wax/Stamping Ground* |
| Martha Graham | *Lamentation/Errand into the Maze* |
| Matthew Bourne | *Swan Lake/Cinderella* |
| Mats Ek | *Giselle/Swan Lake/Carmen* |
| Pina Bausch | *The Rite of Spring* |
| Rudi van Dantzig | *Four Last Songs* |
| William Forsythe | *In the Middle, Somewhat Elevated* |
| **SUID-AFRIKAANSE CHOREOGRAWE** | **DANSWERKE** |
| Alfred Hinkel | *Cargo/I am Cinnamon/Rain in a Dead Man's Footprints/Bolero/Last Dance* |
| Carolyn Holden | *Blood Wedding/Imagenes* |
| Dada Masilo | *Swan Lake/Romeo and Juliet* |
| Gary Gordon | *Bessie's Head* |
| Gregory Maqoma | *Four Seasons/Skeleton Dry* |
| Mavis Becker | *Flamenco de Africa* |
| Sylvia Glasser | *Tranceformations* |
| Veronica Paeper | *Orpheus in the Underworld/Carmen* |
| Vincent Mantsoe | *Gula Matari* |

11.1 Gee die name van die TWEE choreograwe en elke danswerk wat jy gekies het.

11.2 Gee biografiese inligting oor die TWEE choreograwe na wie jy in VRAAG 11.1 verwys het en verduidelik hulle verskillende agtergrond en opleiding. (5 x 2) (10)

11.3 Gebruik die bewegingswoordeskat en produksie-elemente om te verduidelik hoe die TWEE choreograwe, wat jy in VRAAG 11.1 hierbo genoem het, die temas van hulle danswerke gekommunikeer het. Skryf breedvoerig daaroor en gee voorbeelde. (5 x 2) (10)

11.4 Met inagneming van al die voorgeskrewe werke wat jy bestudeer het, gee jou mening oor die EEN werk wat jy die meeste geniet het en die impak wat dit op jou gehad het.

Motiveer jou keuse deur jou antwoord met spesifieke voorbeelde te ondersteun. Onthou om die naam van die choreograaf en die danswerk waarna jy verwys, te gee. (10)

**[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 60**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou